

# 1

## JESUS SE DOOP

# Jesus kom werk vir ons

### ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat Jesus se werk op aarde met sy doop begin het.

### SPESIFIEKE DOELSTELLING

#### Kennis

Die kinders moet weet dat –

- Jesus deur Johannes die Doper in die Jordaanrivier gedoop is.
- Jesus gedoop moes word omdat dit die wil van God was.
- Jesus ten volle mens was.
- Jesus met sy doop bekendgestel word as die Seun van God.
- die Gees van God soos 'n duif op Hom neergedaal het.

#### Gesindheid

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus as mens by hulle kom woon het.
- bly wees dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop is.

#### Vaardigheid

Die kinders moet –

- die gebeure van Jesus se doop kan oorvertel.
- as dooplidmate besig wees met Jesus se werk.

### MEER INLIGTING (Matteus 3: 13-17)

Na Jesus se geboorte is die volgende belangrike gebeurtenis sy doop. Hoekom word Jesus gedoop? Ons lees dat Jesus na Johannes toe gaan om gedoop te word. Johannes probeer dadelik om dit te verhinder. Hy sê dat Jesus hóm eerder behoort te doop. Hoe kan hy sy Heer doop? Johannes sien homself as maar net die een wat die weg vir Jesus moes voorberei.

Jesus antwoord dat Johannes Hom moet doop omdat dit die wil van God is. Hy en Johannes het elkeen 'n opdrag van God om uit te voer.

Omdat Jesus sonder sonde was, is sy doop anders as ons doop. Hy word gedoop omdat dit deel is van sy opdrag hier op aarde. Deur sy doop word Hy bekendgestel as ware mens. Hy het die doop nie nodig gehad nie, maar moes gedoop word as 'n teken dat Hy in die plek van sondaarmense voor God staan.

Toe Jesus gedoop is, het die hemel bokant Hom oopgegaan. Die Gees van God het soos 'n duif op Hom neergedaal. God het gepraat en gesê: *Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.* So word Jesus ook bekendgestel as die *Seun van God*. Dit beteken Jesus is ook ware God.

Met sy doop begin sy openbare optrede. Ons kan ook praat van 'n roeping of 'n opdrag. Hier by die eerste openbare optrede van Jesus word Hy bekendgestel as waarlik mens en waarlik God. Dit is duidelik dat Hy nie maar net 'n gewone mens was nie. Hy ontvang die Heilige Gees om in Hom te bly, Hom te lei en Hom te versterk vir sy roeping. Die pad vorentoe sou nie maklik wees nie, want Jesus het gekom om te sterf vir ons sondes. Dit sou 'n bittere lydenspad wees. Hy moes duur betaal vir ons sondes. Daarom het Hy die krag van die Heilige Gees ontvang.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Lees die voorwoord en al die onderafdelings van hierdie boek deeglik deur. Daarin sal jy al die inligting kry oor wat jy nodig het en hoe die kategeese werk.
- Sorg dat jy altyd 'n Bybel (1983-vertaling), penne, potlode, kleurpotlode, blanko A4-papier, ensovoorts, in jou klas het.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed. Verwelkom al die kinders. Kinders wat vir die eerste keer by die kategeese inskakel of van ander gemeentes en kerke kom, word verwelkom. Die kategeet stel 'n klasregister saam. Maak seker dat al die kinders wat verlede jaar in die klas was, terug is. Sorg dat al die kinders die regte stof vir die nuwe jaar het.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Jesus het as mens op aarde kom woon. Hy was sonder sonde, maar moes deur Johannes gedoop word. Jesus was al 'n jong man toe Hy gedoop is. Met sy doop het sy reddingswerke op aarde begin.

Gee die kinders geleentheid om te sê hoekom hulle dink Jesus gedoop moes word.

### **IETS INTERESSANT**

Dra die inhoud van MEER INLIGTING aan die kinders oor.

## IETS BELANGRIK

Skerp die volgende by die kinders in:

- Johannes het vir Jesus gedoop.
- Jesus is in die Jordaanrivier gedoop.
- Jesus moes gedoop word as 'n teken dat Hy in ons plek voor God staan.
- Die Gees van God het soos 'n duif op Jesus neergedaal.
- Wat Jesus vir ons almal kom doen het, het begin met sy doop.
- Jesus se opdrag van God was om vir ons sondes te sterf.
- Jesus het die Heilige Gees ontvang om in Hom te bly, Hom te lei en Hom te versterk vir sy roeping.

## IETS OM TE DOEN

Lees Matteus 3: 13 -17. Laat die kinders die volgende vrae beantwoord.

- Waar is Jesus gedoop? *In die Jordaanrivier.*
- Deur wie is Jesus gedoop? *Deur Johannes.*
- Hoekom moes Jesus gedoop word? *Dit was die wil van God. Dit was 'n teken dat Hy in die plek van sondaarmense voor God staan.*
- Wie het op Jesus neergedaal met sy doop? *Die Gees van God het soos 'n duif op Hom neergedaal.*

Voltooi die sin:

- Jesus is met sy doop bekendgestel as die *Seun van God.*

## BY DIE HUIS

Laat die kinders die volgende by Les 2 by HET HULLE ONTHOU gaan doen:

- Die teksvers voltooi.
- Die vraag beantwoord.
- Die feite gaan leer.

## AFSLUITING

Vra een van die kinders om af te sluit met gebed.

**Belangrike nota vir die kategeet:** Reël met al die ouers om met Les 2 saam te kom klas toe.